NEWTON PRIMÊRE SKOOL PRIMARY SCHOOL

Nuusbrief 19/2018 19 September 2018

Die kwartaal is so te sê op sy rug. Daar is 'n week en 'n half oor van die 3de kwartaal en ons vra dat u asseblief nie die kinders by die huis sal hou nie. Die 4de kwartaal is 'n kort kwartaal waarin baie werk nog gedoen moet word.

Belangrike Inligting

VAKANSIEDAE GEDURENDE 3DE KWARTAAL

Maandag, 24 September ↳ Publieke Vakansiedag – Erfenisdag

SOMERSDRAG

As gevolg van die koue wat nog nie heeltemal wil wyk nie, sal ons die 4de kwartaal (09 Oktober) begin met somersdrag. U as ouers het dus tyd om die nodige klere aan te skaf vir die somersdrag.

SKOOL SLUIT & RAPPORTE

Die skool sluit op Vrydag, 28 September om 10h00. Daar sal **GEEN WAGKLAS** wees nie. Ouers moet asseblief seker maak dat die nodige vervoerreëlings getref word. Rapporte word op 28 September aan **leerlinge uitgedeel wat in die skool is**. Skool heropen weer op Dinsdag, 09 Oktober om 08h00.

GEEN UITSONDERING SAL GEMAAK WORD OM RAPPORTE VOORAF UIT TE DEEL NIE!!!! INDIEN 'N LEERLING NIE IN DIE SKOOL IS NIE, GAAN RAPPORTE DIE EERSTE DAG VAN DIE 4DE KWARTAAL AAN LEERLINGE UITGEDEEL WORD. OUERS WORD VERSOEK OM HIERDIE REëLING TE GEHOORSAAM, LET WEL – GEEN UITSONDERINGS!!!!

SPORT

- Baie geluk aan ons 0/13A en 0/11 krieketseuns wat 'n baie suksesvolle toer na Klerkdorp gehad het. Baie geluk aan Hayden Tolmay met sy 2de honderdtal vir die seisoen. Dit is voorwaar 'n groot prestasie. Dankie aan ons personeel wat betrokke is by hierdie seuns se ontwikkeling.
- Baie sterkte aan Newton se 0/10 meisies en seuns wat deelneem aan die jaarlikse 0/10 Newton Tennistoernooi wat plaasvind vanaf 20 tot 22 September. Ons vertrou dat julle lekker sal speel en onthou om goeie gedrag op en van die baan te handhaaf. Sterkte ook Juffrou Helena van Vreden en haar span met hierdie reuse taak.
  Neem asseblief kennis van die volgende reëlings rondom tennisafrigting vir hierdie week:
  Donderdag, 20 September
  Geen tennis tydens LO periodes nie, asook geen tennis op Donderdagmiddag nie, as gevolg van die toernooi.
- Sterkte aan ons 0/13A krieketseuns wat besig is met die T20 reeks. Ons vertrou dat dit met julle goed sal gaan. Hierdie reeks dien ook as voorbereiding vir die seuns se toer na Paarl vanaf 26 September. Mag die lopies inrol en die paaltjies kantel.

KULTUUR – RADIKALE REDENAARS EN NEWTON REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat op 08 September deelgeneem het aan die Noord-Kaap Streeksfinaal en deurgedring het na die Nasionale finaal in Pretoria. Sterkte aan Ru-Andrew Rossouw, Liam van Reenen, Ivan Greyling en Alexcyn Steenkamp.

Newton het ook 'n eerste Redenaarskompetisie op 12 September aangebied. Baie geluk aan Zimri de Wet wat aangewys is as beste Junior Redenaar en Anje Nel as beste Senior Redenaar. Ons is baie trots op elkeen van ons Redenaars.

SENIOR KOOR

Baie sterkte aan ons senior koorlede, Mnr. Matthew van Wyk en Mev. Hettie Rossouw wat môre (Donderdag, 20 September) vertrek na Krugersdorp om deel te gaan neem aan die KykNet Sing in Harmonie Koorkompetisie. Hierdie kompetisie word **lewendig uitgesaai** op KykNet kanaal 146 op Vrydag, 21 September vanaf 18h30. Ons beste wense vergesel julle en ons hou styf duim vas dat die note suiwer sal wees. Veilige reis. Ouers is welkom om die uitsending te kyk en te stem vir die koor. Newton se stem nommer is 71. SMS 71 na 47620 teen R3,00 per SMS. Elke stem tel vir ons. Alle besonderhede sal tydens die uitsending deurgegee word. Dankie aan toerouers wat saam "toer" om te help.

SKOOLFONDS – 2018

Baie dankie aan ons ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal. Ouers het tyd tot 31 Oktober 2018 om skoolfonds tot op datum te betaal. Indien u nie hierdie reëling kan nakom nie, word u versoek om dringend met mnr. Enslin of mev. Riekie Snyman 'n reëling te tref. Ons maak staat op u samewerking.

PERSONEELVERJAARSDAE

30 September ⇨ Mev. Daleen Hugo (Sekretaresse)
04 Oktober ⇨ Mev. Lizette de Villiers (Gr. 7E)
06 Oktober ⇨ Mev. Claudia Bartlett (Gr. 2E)

Halkettweg/Road, Kimberley 8301
✉ 110231, Hadison Park 8306
☎ (053) 831-1705 / (053) 831 5058
Fax: (053) 833-1951 / Admin: (053) 831-8244

newtonps@mweb.co.za
newtonls@telkomsa.net
newtonls.sport@telkomsa.net
www.laerskoolnewton.co.za

BELANGRIKE DATUMS

20 – 22 September	-	Summer Sport - 0/10 Tennis Toernooi – Newton
11 Oktober	-	0/13 T20 Krieket
15 Oktober	-	0/13 T20 Krieket
16 - 18 Oktober	-	0/11 T20 Blast Krieket (Summer Sport Challenge)
17 Oktober	-	Summer Sport Challenge – Atletiek
20 Oktober	-	Spur 6's Mini Krieket
22 Oktober	-	0/13 Krieket T20 Semi finaal
23 – 25 Oktober	-	0/11 T20 Blast Krieket (Summer Sport Challenge)
27 Oktober	-	Jim Fouché Atletiek – Bloemfontein
27 Oktober	-	0/11A & 0/13A Krieket vs St. Andrews – Bloemfontein
31 Oktober	-	Summer Sport Challenge – Swem
31 Oktober	-	0/13 T20 Krieket – Finaal
02 November	-	Summer Sport Challenge – Tweekamp
06 November	-	Sport Prysuitdeling
08 November	-	Top10 & Akademiese Prysuitdelings
09 November	-	Grondslagfase Prysuitdeling
12 – 23 November	-	Eksamens – Graad 1-7